# Geseënd is die wat van nou af in die Here sterf.

**Maandag 19 September** 2022

**<u>Lees</u>: <u>Open 14:13</u> '83** "Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: "Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe." "Ja," sê die Gees, "hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle."

**<u>Open 14:13</u> '53** "En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle."

**<u>Daar is sewe seënspreke net in die boek Openbaring alleen.</u>**

| | |
|---|---|
| 1:3 | Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees. |
| **14:13** | **Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe** |
| 16:15 | Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou |
| 19:8 | Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is. |
| 20:6 | Geseënd is die wat aan die eerste opstanding deel het |
| 22:7 | Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem. |
| 22:14 | Geseënd is die wat hulle klere was |

Hierdie Ou Testamentiese spreuk wat hier in Openbaring aangehaal word, bevestig dat jy in afhanklikheid van God lewe en wil lewe. So lees ons in **<u>Ps 33:12 lees:</u>**

"Gelukkig/ Geseënd/ Welgeluksalig is die nasie wie se God die Here is."

**<u>O</u>**m hierdie vers te verstaan is dit belangrik om die hele gedagte-eenheid te verstaan en dan ook die vorige vers 12.

Nou hierdie gedagte-eenheid, Open 14:6-20, gaan oor die aankondiging van die oordeel deur ses engele.

**<u>Maar onthou: Oordeelstyd is oestyd!</u>**

**<u>Die eerste engel</u>** van wie ons lees in vers 6 bring,

- **"'n goeie boodskap wat vir ewig van krag bly."**
    - **"<u>Vrees God</u> en gee aan Hom die eer..."**

Dit het beteken dat God erken moet word, geëer moet word, sy Goddelike grootheid en almag. Hier is 'n opdrag om tot bekering te kom en God alleen te aanbid.

**<u>Die tweede engel</u> kondig aan dat Babilon geval het.**

- Babilon is simbolies die teenstander van God, ook van Rome, waar goddeloosheid en onsedelikheid bedryf is.
- Babilon is die wêreldmagte wat teen God in opstand kom.
- En tog word dit in die verlede tyd gestel: "Geval, geval het die grote Babilon..."
- Want verseker het God klaar oorwin deur Jesus aan die kruis.

**Want <u>die tweede engel</u> het aangekondig wat gaan gebeur.**

- Bekering is die kern hier.
- Bekering tot God.
- Bekering is om jou na God te wend en op Hom alleen te vertrou.

**<u>Die derde engel</u> kondig die oordeel aan oor diegene wat die dier aanbid.**

- Die merk op die voorkop en op die hand dui op, **in wie** hulle glo **en wat** hulle doen, die goddeloses.
- Die onverdunde wyn wat hulle sal drink is simbolies, maar ook letterlik.
  Die Jode het dikwels een deel wyn gemeng met een deel water en dit so gedrink by etes.
  As die wyn onverdund gedrink word sou hulle vinnig en maklik dronk geword het.
  **Maar** so word verduidelik, die wat die dier aanbid sal die onverdunde oordeel van God se toorn moet drink.
  Dit sal 'n verskriklike pyniging moet wees.

➢ Maar juis dan kom ook die keerpunt in hierdie oordeel en die troos vir die christene.

Open 14:12 en 13 dui op die troos wat ons altyd nodig het, maar ook by die dood van 'n geliefde.

Eers word hulle opgeroep tot **VOLHARDING.**
**Vers 12** "Hier het die gelowiges **VOLHARDING** nodig, hulle wat die gebooie van God nakom en in Jesus bly glo."

**Om te VOLHARD beteken....**

- Geloofsafwagting op God
- Volgehoue weerstand teen die Bose en sonde.
- God gee geloof as 'n geskenk en ons moet dit as kosbaar bewaar en gebruik
  - Volharding is geloofsgehoorsaamheid aan God se gebooie
  - Volharding is om in geloof aan Jesus Christus te bly vashou.
  - Volharding om God getrou te dien ondanks aanslae, hartseer, of wat ookal met jou gebeur.

Geliefdes en juis in hierdie volharding lê daar vir ons 'n groot vertroosting in opgesluit.
Want nou kom daar 'n stem uit die hemel uit wat die troosvolste boodskap bring....
Ons lees dit in vers 13b

**"Skryf op!**
**Geseënd is die wat van nou af in die Here sterwe."**

**"Om in die Here te sterwe"** beteken...

- om enduit in die geloof te bly in Jesus Christus;
- om enduit Jesus Christus te erken as jou Verlosser en Saligmaker;
- om enduit in en deur die Heilige Gees jou te laat lei."

Dit beteken nie dat ons volmaak is om so te lewe nie, maar dat ons juis in Jesus Christus glo wat enduit, tot in sy dood aan die kruis aan sy Hemelse Vader se wil getrou gebly het.

**"Om te rus van hulle arbeid"** beteken....

- die lyding en geswoeg op aarde is verby.
- Daar is rus en vrede by God.
- Dit staan in skerp kontras met die goddeloses waarvan ons lees in vers 11 dat die rook van hulle pyninging sal opstyg tot in alle ewigheid.
- Die christen het 'n ewige rus en vrede by God.
- Daar is geen pyn, lyding, hartseer, trane nie.

**“Alles wat hulle gedoen het volg hulle...”**

- Hulle aardse werke het nie enige verkryging van saligheid in die hemel nie.
- Uit genade is julle gered. Ef 2:8
- Tog getuig jou werke van die geloof wat in jou is.
- **Jak 2:14-16 leer ons tog**,
  “Wys my jou geloof sonder werke en ek wys jou my geloof uit my werke.”
- Dit is nie my werke wat my in die hemel sal bring nie, maar ook my werke is opgeteken.
- God is tog alwetend en Hy weet alles.
- Ja Hy weet selfs wat jy gaan dink, voordat jy dit dink en wat jy gaan sê, nog voordat jy dit gesê het. Ps 139:2,4
- Ons lees in Open 20:12
  “Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het.”

Dit is harde werk om getrou te bly.
Dit is biddende werk om altyd reg te kies.
Dit is wonderlik as God in sy genade jou vashou deur die Woord en die Gees en jou lei om getrou te bly.

Mag ook die oorwinning wat ons Here Jesus Christus vir ons bewerk het aan die kruis vir julle vertroosting bied.
Mag die Heilige Gees ook julle verwul sodat julle ryklik vertroos en versterk is deur die Here.

Ons dra julle aan ons Hemelse Vader op.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595:*** **gskruger1@gmail.com**